Dieper Wandel. 26/2/23.

Geloof. Andrew Murray.

Die enigste manier waarop ons in die geheimenisse van God kan ingaan is deur wedergeboorte. Wedergeboorte kom wanneer ek God as God erken, Sy Seun as my Verlosser aanvaar, en glo dat God bedoel dat ek Hom kan en moet ken.

Ware geloof is gebaseer op kennis van dit wat God oor Homself aan ons in sy Woord geopenbaar het en wat ek as waarheid en as betroubaar erken en ag. Geloof is ook 'n vaste vertroue wat deur die Heilige Gees, deur die evangelie, in my hart werk, dat God ook aan my, net soos aan ander mense, vergifnis van sonde skenk, uit genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus en nie my eie verdienste nie.

Geloofsversekering is die aanvaarding en ontvangs van die hierdie vergifnis van sonde ook vir my. Geloofsversekering is ook 'n gedurige oorgawe aan Christus, en 'n "bly in Jesus." Die gedurige oorgawe is 'n geloofsdaad dat Jesus ons van alle sonde sal en kan verlos, namate die siel geleer het om voortdurend in Hom te rus en nie te worstel in sy onmag teen sonde nie. Dit is die oorwinning wat ons behaal. Daar is 'n gedurige stryd hiermee, ook moeilike worsteling en hewige krag inspanning, want hoe dieper ons delf na Christus, hoe meer kom ek my sonde agter. Dit is egter jou rus en nie jou stryd nie, wat jou sal red.

Die geloof is soos 'n kind in die arms van die moeder: Verlos van sonde deur 'n geloofsdaad en geheilig van sonde deur 'n voortgesette geloofsdaad. Dan word jou lewe nie 'n voortdurende teleurstelling nie, maar 'n nimmereindigende oorwinning.

Gebed het baie krag by God. Gebed is niks anders as om op God te wag nie. Daarvoor is tyd en erns nodig, en stilte en afsondering vir die siel om op God te wag. Hou aan die Here vas en sê: "Ek sal U nie laat gaan tensy U my seën nie." Gee jou God geen rus nie totdat die Heilige Gees daarin geslaag het om die nuwe lewe, wat verborge is in Christus, in die diepte van jou bestaan tot stand te bring. Smeek die Heilige Gees om jou dieper en meer volkome te wys watter genesing en reiniging daar in die wonde van Christus is.

Die lewende Woord lei ons tot 'n waaragtige kennis van sonde, 'n heerlike ervaring van verlossing en 'n vrugbare lewe van dankbaarheid. Dit is hierdie geloof wat die Kerk uit sy geestelike-doodse slaap sal laat opstaan en besef dat die mensdom in benoudheid smag na rus en vrede vir sy verwarde en vermoeide gemoed. 'n Vloedgolf van herlewing in die Kerk sal die opdrifsels van haat, nyd, ras- en broedertwis voor hom verdryf en eenheid rondom die Kruis bewerkstelling, die enigste manier waardeur die Kerk weer die simbool van lig, krag en eenheid sal wees wat ons Here en Meester verheerlik.

GEBED: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe." (Joh.6:68). Ja, Here, U alleen spreek woorde van lewe, woorde wat my siel laat lewe. Daarom kom ek na U toe, om U woorde te hoor. Here, maak dit tog lewend in my hart, en laat my hart lewe deur die woorde. O Here Jesus! U woorde is woorde van lewe. Laat my siel ook hierdie lewe smaak. Net soos U woord die dogtertjie van Jaïrus, die seun van die weduwee en Lasarus in die graf uit die dood opgewek het, so kan U Woord my ook lewend maak. Here, help my om U Woord te verstaan en te glo, want wat U sê wil ek glo. Seën my met U woorde, sodat my siel kan lewe. Ek kom, o Here, want "U het die woorde van die ewige lewe." Amen.